SAKE 24 (Beeld)
22 Oct 2011, p.14

Wet kan belastingaftrekbare bydrae tot pensioen dalk vergroot

■ Ek kry 'n basiese salaris plus my jaarlikse bonus en toelaes, soos 'n gevaartoelae, nagskoftoelae, behuisingstoelae, ensovoorts. Tans dra ek 7,5% van my basiese/pensioengewende salaris by tot my pensioenfonds by die staat. Ek is nie seker hoeveel die staat op sy beurt tot my pensioenfonds bydra nie.

Kan ek 15% van my nie-pensioengewende salaris, soos my bonus en toelaes, bydra tot 'n uittree-annuïteit vir belastingverligting? Sal die 7,5% en die volle 15% aftrekbaar wees van my belasbare inkomste en hoe gaan dit volgende jaar met die nuwe wysigings verander?

Adv. Ronald King, 'n lid van die finansiële beplanningskomitee van die Vereniging van Finansiële Tussengangers van Suider-Afrika en direkteur van finansiële beplanning en beleggings van PSG Konsult, antwoord:

Tans is die belastingaftrekbare bydrae wat tot 'n uittree-annuïteit (UA) gemaak kan word die grootste van:

- R1 750;
- R3 500 minus bydraes tot 'n aftreefonds; en
- 15% van jou nie-pensioengewende inkomste.

Wat alles nie-pensioengewende inkomste uitmaak, word deur jou aftreefonds se reëls bepaal en is die deel van jou belasbare inkomste wat nie gebruik word om jou of jou werkgewer se bydrae tot 'n aftreefonds te bepaal nie. Soos in jou geval is dit heel dikwels byvoordele, toelaes en bonusse.

Die 15% wat jy bydra, sal dus vir dié jaar belastingaftrekbaar wees en jou werkgewer se bydraes speel nie 'n rol nie.

Daar is egter in die begrotingsrede in Februarie aangekondig dat dit gaan verander.

Die voorstel is dat die werkgewer en werknemer se totale bydrae tot aftreefondse nie 22,5% van die belasbare inkomste mag oorskry nie, met 'n algehele perk van R200 000.

In die geval van 'n staatsamptenaar waar die totale bydrae 7,5% (werknemer) plus 13% (staat) is, sal die werknemer 2% van sy pensioengewende inkomste sowel as 22,5% van sy nie-pensioengewende inkomste in 'n UA kan betaal.

Vir die meeste belastingbetalers wat minder as R75 000 per maand verdien, behoort daar dus 'n aansienlike verhoging in aftrekbaarheid te wees.

Daar is egter nog geen wetgewing hieroor gepubliseer nie en die finale wetgewing kan dus aansienlik verander.